

EERBEWYSE DEUR DIE UNIVERSITEIT

EREGRADDE

DIE UNIVERSITEIT HET IN DIE VERSLAGJAAR ELF EREDOKTORSGRADDE TOEGEKEN – AAN PROFF DENISE ACKERMANN, JOHN DE GRUCHY, BERNARD LATEGAN, MERCY ODUYOYE EN WENTZEL VAN HUYSSTEEN IN SEPTEMBER 2009; AAN PROF JOHN KANNEMEYER, DR MOSIBUDI MANGENA EN DR PETER WALLENBERG IN DESEMBER 2009 EN AAN DR SYDNEY BRENNER, PROF NINA GRACE JABLONSKI EN DR RHODA KADALIE IN MAART 2010.



Jacobus Wentzel Vrede van Huyssteen, die eerste James A McCord-professor in Teologie en Wetenskap aan die *Princeton Theological Seminary* en mededirekteur van die *Science for Ministry Institute* aan dieselfde instelling, beywer hom deurgaans vir die gesprek tussen teologie en wetenskap.

As sistematiese teoloog en wetenskapsfilosoof doen prof Van Huyssteen internasionaal gerekende pionierwerk in die konstruktiewe inter-dissiplinêre gesprek tussen dié twee terreine. Ter erkenning van sy statuur in sy vakgebied ontvang hy talle aansienryke, internasionale pryse en ook lidmaatskap van verskeie hoogaangeskrewe internasionale liggame.

Universiteit Stellenbosch bring met trots hulde aan hierdie alumnus se uitsonderlike akademiese integriteit en prestasies.

Mercy Amba Oduyoye word wyd erken as die moeder van Afrika-vroueteologie. Sy is die eerste swart vrou wat as adjunkhoofsekretaris van die Wêreldraad van Kerke (WCC) verkies is en het al in Ghana, Nigerië en die VSA onderrig gegee.

Sy lê veral klem op die uitbeelding van menswees in die tradisionele Afrika-mites én die Christelike godsdiens. Die dinamiese spanning en wisselwerking tussen Afrika se tradisionele godsdiens en die Christelike geloof word daarmee 'n belangrike fokus in haar teologie.

Vir haar uitsonderlike bydrae tot die ontwikkeling van Afrika-vroueteologie as 'n eiesoortige, geskrewe teologie is prof Oduyoye al vele male internasionaal bekroon. Hierdie eregraad erken haar merkwaardige rol as publieke teoloog.

Bernard Christiaan Lategan, wêreldleier in hermeneutiek, sluit sy indrukwekkende loopbaan af as die eerste direkteur van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS). Sy bevordering van wedersydse insig en samewerking tussen die lettere, geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe, sy veelsydigheid en sy humanitiese benadering sonder hom uit as 'n leier in hedendaagse filosofie.

Komende uit die sogenaamde publiek van die teologie het hy oor die dekades die publieke van die akademie en van die openbare terrein met onderskeiding gedien. In hierdie rol as diepsinnige denker, wat die fundamentele waardes van menswees en kultuur, kennis en wetenskap, en naastediens en gemeenskapsbetrokkenheid verenig én beliggaam, is die eredoktorsgraad in Filosofie aan hom toegeken.

Die gesiene akademikus, navorsers en outeur, **John Wesley de Gruchy**, is een van Suid-Afrika se mees invloedryke en gerespekteerde teoloë met vele nasionale en internasionale toekennings vir sy hoogaangeskrewe publikasies op sy kerfstok.

Hy word ook erken as 'n toonaangewende teologiese stem in die kerkstryd teen apartheid in Suid-Afrika. Hierbenewens is sy aandag aan die estetiese sy van teologie sonderling en sy boek *Christianity, art, and transformation: A study in theological aesthetics* (2001) word as 'n baanbrekerstudie gereken.

Tans is hy aan die voorpunt van teologiese gesprekke oor Christelike humanisme wat hy as alternatief tot Christelike fundamentalisme en Christelike sekularisme aanbied.

Denise Mary Ackermann se uitnemende akademiese werk, navorsing en ikoniese leierskap op die terrein van feministiese praktiese teologie word alom gerespekteer. Sy is egter veel meer as 'n akademikus – haar spiritualiteit en besorgdheid oor menswaardigheid dra grootliks by tot die etos van die Fakulteit Teologie op Stellenbosch waar haar kursusse in spiritualiteit mure afbreek en grense versit in die opbou van 'n ekumeniese gees.

Sy word gehuldig as iemand wat die akademiese wêreld radikaal stempel, die kerk en openbare lewe diepgaande beïnvloed en die lewe van talle met nuwe selfrespek, respek vir ander en respek vir die lewe self vul.

EREGRADU VERVOLG

John Christoffel Kannemeyer is vereer vir sy rol as navorser, skrywer en kenner van die edisiewetenskap, sy bevordering van die Afrikaanse letterkunde en sy uitsonderlike bydrae tot die kartering van die literêre domein.

Prof Kannemeyer se rol as meningsvormer is uitgebou deur sy noue betrokkenheid by literêre tydskrifte. Met die publikasie van *DJ Opperman 'n biografie* (1986) begin hy die literêre biografie in Afrikaans tot nuwe hoogtes voer. Sy biografieë van literêre figure het hom vele toekennings besorg, waaronder die NP van Wyk Louw Medalje in 2003.

Tans doen hy navorsing vir die biografie van JM Coetzee.



Peter Wallenberg se besondere leierseienskappe, sy uitmuntende prestasies as bankier en nyweraar, sy belangstelling in en ondersteuning van opvoeding en navorsing en sy verbondenheid aan Afrika word internasionaal erken. Hy het 'n nuwe verbintenis met Suid-Afrika en met die Universiteit Stellenbosch in besonder.

Dr Wallenberg, een van die leidende nyweraars van ons tyd, het die Wallenberg-groep oor veertig jaar tot een van Europa se grootste bank- en nywerheidsondernemings uitgebou.

Opvoeding lê Peter Wallenberg na aan die hart. Volgens hom is hoëvlaknavorsing baie belangrik en hy is oortuig dat hierdie Universiteit 'n sleutelrol in die verdere ontwikkeling van die vasteland kan speel.

Mosibudi Aaron Mangena word erken vir sy toewyding tot die onderwys en die wetenskap, sy ondersteuning van navorsing en ontwikkeling en sy bydraes tot die ontwikkeling van menslike potensiaal in Suid-Afrika.

As Minister van Wetenskap en Tegnologie vanaf 2004 het dr Mangena daarin geslaag om die nasionale besteding op navorsing en ontwikkeling aansienlik te verhoog. Onder sy leierskap het die Departement van Wetenskap en Tegnologie gesorg dat Suid-Afrika op die internasionale kortlys is as ligging vir die *Square Kilometre Array*, die grootste radioteleskoop nog, en die vestiging van die Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika (*NIThep*) by hierdie Universiteit ondersteun.

Sydney Brenner het met sy baanbrekerswerk as molekulêre bioloog, onder meer oor die genetiese kode, 'n onuitwisbare nalatenskap verseker. Vir sy ontrafeling van die genetiese kode en sy innoverende werk oor die genetiese regulering van orgaanontwikkeling en selsterfte was hy medeontvanger van die Nobelprys vir Fisiologie/Geneeskunde.

In 1996 word hy stigterspresident van die Kaliforniese *Molecular Sciences Institute* en sedert 2005 is hy 'n besoekende genoot van STIAS (*Stellenbosse Instituut vir gevorderde Navorsing*).

Dr Brenner staan gelyk met die beste op die gebied van molekulêre biologie.

Nina Grace Jablonski se navorsing oor velpigmentasie het bewys gelewer dat dit 'n evolusionêre omgewingsaanpassing om oorlewing is en dat velkleur bloot dui op "die aard van die omgewings waarin mense voorheen gewoon het" en nie op ras nie. Sy bepleit die verwerping van die konsep van biologiese ras: "'n ongegronde kulturele konstruk wat mense- en sosiale verhoudinge vernietig".

Haar navorsingsresultate is van besondere belang vir Suid-Afrika met sy geskiedenis van ongeregtigheid en konflik weens velkleur, en ondersteun die Universiteit Stellenbosch se doelwitte van verdraagsaamheid en diversiteitsbevordering.

Rhoda Kadalie is bekend as een van Suid-Afrika se mees uitgesproke politieke kommentators, 'n aktivis vir geslagsgelykheid en 'n gerekende skrywer wat ongeregtigheid en korrupsie vreesloos veroordeel.

Grootliks deur haar toedoen stig UWK 'n geslagsgelykheidseenheid. Haar passie vir gelyke regte besorg haar 'n aanstelling as een van Suid-Afrika se eerste menseregtekommissarisse. In 2003 is sy in die adviesraad van die *Ash Center for Democratic Governance and Innovation* by Harvard aangestel. Sedert Maart 1999 is Rhoda Kadalie ook uitvoerende direkteur van die hoog aangeskrewe Impumeloinnovasietoekenningsstru wat uitnemendheid in regering en gemeenskapsprojekte aanmoedig.